higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 3

(9020023)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae deeglik deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf net die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... is 'n outo-immuunsiekte wat chroniese inflammasie van die gewrigte veroorsaak.

A Osteo-artritis
B Rumatoïde artritis
C Osteoporose
D Sellulitis

1.1.2 Die volgende simptome is kenmerkend van babas met fetale alkoholsindroom:

A Oorgewig by geboorte
B Groot kopomtrek
C Gladde filtrum, dun bolip en plat middelgesig
D Neus afwaarts gedraai

1.1.3 Die onvermoë om op die werklikheid te konsentreer, is 'n voorbeeld van ...

A versteurde denke.
B versteurde gedrag.
C versteurde gevoelens.
D versteurde emosies.

1.1.4 ... is 'n eetversteuring waarin die lyer verskriklik angstig is om nie gewig op te tel nie en 'n versteurde persepsie het van liggaamsgewig of –vorm.

A Bloedarmoede
B Bulimia nervosa
C Ragitis
D Anorexia nervosa

1.1.5 Suid-Afrikaners is geregtig op ouderdomstoelaes vanaf die ouderdom van ... jaar.

A 50
B 60
C 65
D 70

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Opsetlike beserings sluit in ...

A verkeersverwante insidente.
B toevallige brandwonde.
C verdrinking.
D swaar aanranding.

(6 × 1) (6)

1.2 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Grace is 16 jaar oud en het pas uitgevind dat sy 28 weke swanger is. Sy sorg vir haar twee jonger broers vandat hulle ouers in 'n motorongeluk gesterf het.

Stephany is 28 jaar oud en het na 'n bloedtoets uitgevind dat sy 11 weke swanger is met haar tweede baba. Sy is al vyf jaar met Richard getroud en albei werk vir die stad Kaapstad as administratiewe klerke. Sy is 'n lid van die GEMS-mediese fonds.

1.2.1 In watter trimester is Grace? (1)

1.2.2 In watter trimester is Stephany? (1)

1.2.3 Watter hormoon is in Stephany se bloed getoets om haar swangerskap te bevestig? (2)

1.2.4 Verduidelik wie se swangerskap is tans lewensvatbaar, gegrond op die inligting wat verskaf word. (2)

1.2.5 Noem SES fisiese verandering wat beide vroue kan ondervind gedurende die 1ste trimester. (6)

1.2.6 Trek 'n tabel op soos die een hier onder en voltooi dit om te vergelyk hoe die twee vroue se swangerskapervaring moontlik kan verskil op grond van hul persoonlike omstandighede.

	Grace	**Stephany**
Toegang tot mediese sorg		
Swangerskap-komplikasies		
Effek op kind		
Effek op moeder se toekoms		

(8)

1.3 Is fisiese mishandeling altyd opsetlik/doelbewus? (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die (blastoseel/sigoot) plant in die endometrium van die uterus in.

2.1.2 Die situasie wanneer 'n persoon nie kan ophou om alkohol te drink nadat hy/sy begin drink het nie, staan bekend as (verlies aan beheer/toleransie).

2.1.3 Die ('Act for the Elderly No 9 of 2003'/'Older Person's Act No 13 of 2006') verplig almal om mishandeling van bejaardes aan te meld.

2.1.4 (Pimêre/Sekondêre) infertiliteit is die onvermoë om swanger te word na vorige swangerskappe.

2.1.5 'n Gevoel van uiterste eensaamheid is 'n voorbeeld van 'n versteuring in (gedrag/emosie).

2.1.6 (Parkinsonisme/Beroerte) is 'n progressiewe siekte van die senuweestelsel wat dikwels aanleiding gee tot bewing of rukking.

2.1.7 Verkragting is 'n (opsetlike/onopsetlike) besering.

2.1.8 Sielkundige nagevolge van mishandeling kan (PTSS/PSOS).

2.1.9 (Premenstruele sindroom/Postpartumdepressie) word gewoonlik verwar met bababedruktheid ('baby blues'), maar is ernstiger en duur langer.

2.1.10 (Eksistensiële/Ontwikkelings-) teorie verduidelik dat 'n mens se gehegtheid en aanvanklike skeiding van die primêre versorfer beïnvloed hoe die persoon angs deur sy/haar lewe hanteer.

(10 × 1) (10)

2.2 Wat is die mediese term vir die begin van spermontwikkeling by seuns wanneer hulle puberteit bereik? (1)

2.3 Wat is *onafgedaalde testikels?* (2)

2.4 Gee EEN funksie van elkeen van die volgende:

2.4.1 Penis

2.4.2 Prostaatklier

2.4.3 Sperm

(3 × 1) (3)

2.5 Noem SES fisiese veranderinge wat seuns tydens puberteit ondervind. (6)

2.6 Noem AGT aspekte in 'n vrou se lewe wat haar algemene gesondheid beïnvloed. (8)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Definieer die volgende terme:

3.1.1 Besering (2)

3.1.2 Geweld (3)

3.2 Noem DRIE individuele faktore wat die risiko verhoog dat 'n individu moontlik dade van geweld kan pleeg. (3)

3.3 Noem DRIE tipes geweld en geen EEN voorbeeld van elkeen. (3 × 2) (6)

3.4 Noem SES basiese aktiwiteite in die daaglikse lewe. (6)

3.5 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Bettie is 85 jaar oud en het Alzheimer se siekte. Sy woon by haar kleinseun, Piet. Piet sukkel om na haar om te sien en help haar met haar daaglikse behoeftes en het 'n versorgingsagentskap om hulp gevra. Die agentskap beoordeel die situasie en bevind die volgende:

- Bettie het katarakke.
- Sy moet 'n loopraam gebruik om rond te beweeg.
- Sy ly aan urinêre inkontinensie.
- Sy vergeet om te eet en te drink.
- Dis vir haar moeilik om haar eie kos voor te berei wanneer sy onthou om te eet.
- Sy vergeet om haar tande te borsel en haar hare te kam.
- Sy het verlammende osteo-artritis.
- Sy kan nie self bad of aantrek nie.
- Die versorgingsagentskap vind om twee uur die middag haar oggend-medikasie nog langs haar bed.

3.5.1 Wat is *Alzheimer se siekte?* (3)

3.5.2 Noem DRIE fisiese verandering of toestande wat Bettie weens haar ouderdom ondervind. (3)

3.5.3 Identifiseer TWEE instrumentele aktiwiteite van die daaglikse lewe waarmee Bettie hulp nodig het. (2)

3.5.4 Wat dink jy moet die versorgingsagentskap aanbeveel? (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Om jouself met 'n skeermes te sny is 'n voorbeeld van versteurde denke.

4.1.2 'n Swanger vrou moet so gou moontlik bepaal wat haar MIV-status is.

4.1.3 Jy het 'n hoër risiko om 'n geestesongesteldheid te ontwikkel as die res van die bevolking as jou moeder met geestesongesteldheid gediagnoseer is.

4.1.4 'n Mammogram spoor servikskanker by vroue op.

4.1.5 Bevolkingsveroudering verwys na die stygende verhouding van mense wat van puberteit na volwassenheid in 'n bevolking verander.

4.1.6 Die gebruik van dwelms soos tik ('methamphetamine') kan disoriëntasie by 'n persoon veroorsaak.

4.1.7 Swangerskap verhoog 'n vrou se risiko van anemie.

4.1.8 Osteoporose kom meer algemeen by mans voor.

4.1.9 As 'n vrou tydens swangerskap rook, kan dit tot die dood van die fetus lei.

4.1.10 Oorgewig is 'n vorm van wanvoeding.

(10 × 1) (10)

4.2 Noem VYF riglyne om vaste kos aan 'n baba bekend te stel. (5)

4.3 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

> 'n Vrouestudent het haar eie lewe geneem nadat sy gehoor het dat sy nie meer die beurs sou ontvang wat sy nodig gehad het om haar studie voort te sit nie. Sy het aan depressie en angs gely, en het voorheen probeer selfmoord pleeg. Haar pleegouers het gesê dat sy onlangs uiterste woede en vrees uitgespreek het, haar meer onttrek het en dit het voorgekom of die nuus dat sy nie meer 'n beurs sou kry nie die rede is waarom haar geestesgesondheid verder agteruitgegaan het.

4.3.1 Definieer *geestesgesondheid.* (5)

4.3.2 Identifiseer die tipe versteuring waaraan die vrouestudent gely het deur 'die uiterste woede en vrees uitgespreek het'. (2)

4.3.3 Watter faktore dink jy het bygedra tot haar swak geestesgesondheid en uiteindelike selfmoord? (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n voorbehoedmiddel uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Poli-uretaansakkie wat die vagina uitvoer en voor coitus ingesit word	A	servikale diafragma
5.1.2	Die hele penis word voor ejakulasie uit die vagina onttrek	B	vasektomie
5.1.3	Mondelinge medikasie wat daagliks geneem word om ovulasie te voorkom	C	hormoonpil
5.1.4	Skuim, room of jellievoorbereiding wat voor coitus in die vagina geplaas word	D	coitus interruptus
5.1.5	Onthouding van coitus rondom ovulasie wanneer die vrou die vrugbaarste is	E	vroulike kondoom
5.1.6	'n Klein kopertoestel wat deur 'n professionele gesondheidswerker in die uterus geplaas word	F	buisafbinding
5.1.7	Die sny en afbind van die Fallopiese buise	G	depo-provera
5.1.8	'n Voorkomende inspuiting wat 'n sintetiese hormoon bevat	H	intra-uteriene apparaat
5.1.9	'n Koepelvormige toestel wat voor coitus oor die serviks geplaas word	I	spermdoder
5.1.10	Die sny en afbind van die vas deferens	J	manlike kondoom
		K	periodieke onthouding

(10 × 1) (10)

5.2 Noem VIER reflekse wat by pasgeborenes teenwoordig is. (4)

5.3 Noem SES bevindings wat vir monitering in die Road to Helath-boekie aangeteken word. (6)

5.4 Rangskik die volgende vaardighede in die volgorde waarin hulle bereik moet word.

sê een- en tweelettergreepwoord; hardloop; volg voorwerpe met die oë; beheer eliminasie; sit vir kort rukkies; eerste treë

(6)

5.5 Waarom dink jy lyk dit of sekere gemeenskappe meer geweld as ander verduur? (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 Definieer *ektopiese swangerskap.* (2)

6.2 Wat is die emosies wat 'n vrou moontlik na 'n aborsie kan ondervind? (3)

6.3 Wat is die fisiese gevolge van aborsie wat 'n vrou moontlik kan ervaar? (6)

6.4 Noem V)YF maniere waarop kinders baat by fisiese oefening. (5 × 2) (10)

6.5 Verduidelik waarom dit vir bejaarde mense moeilik kan wees om te verseker dat kinders in hulle sorg by die inentingskedule bly. (4)

6.6 Waarom is inenting 'n openbaregsondheidskwessie? (5)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou